
Uitgawe 24-23

14 Junie 2024

# Posduif




**NUUSBRIEF VAN DIE SINODE VAN KWAZULU-NATAL**

Redakteur



**Louis Nel**

**Kontak:**

**WhatsApp:**

**082 771 4925**



**E-pos:** kommunikasie@ngkzn.org.za

# Sinodale Kantoor



**Ontvangs:**

**Lolla Bestbier**

**Tel:** **033-345 2276/7/8**

**E-pos:** lolla@ngkzn.org.za

**Ander kontakbesonderhede:**
http://kzn.ngkerk.net/kontak-ons/

**Webwerf:** www.ngkzn.org.za

**Lees vorige nuusbriewe:**
http://kzn.ngkerk.net/vorige-posduif-nuusbrief-uitgawes/

**Laai dokumente af:**
http://kzn.ngkerk.net/inligting-dokumente/

# Koninkrykstyd



Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk as ‘n bootjie met ‘n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis in die wêreld. Die boot staan nie stil nie maar vaar na verskillende bestemmings.

Die teksgedeeltes van Koninkrykstyd hou verband met die tema dat Jesus die Here van alle here, die Koning van alle konings is.

Die vraag waarmee Christene hulle in Koninkrykstyd besig hou, is: Wie moet ek liefhê? Met hierdie vraag ontdek ons hoe ons Christus se liefde, wat ons in die eerste deel van die kerkjaar gevier het, kan uitleef.

Verskillende skakerings van groen dui in Koninkrykstyd op lewe, groei en vooruitgang.





# NG Kerk Margate is 50

## Eer God vir vyftig jaar!

Die gemeente van NG Margate is geseënd om hierdie jaar ons 50ste bestaansjaar te vier! Vyftig jaar gelede het hierdie gemeente afgestig van NG Port Shepstone en vandag is ons nog steeds gelukkig om ‘n groot gemeente te wees. Ons het daarom vir hierdie jubeljaar die tema “Eer God vir vyftig jaar” gekies. Ons juig tot eer van die Here dat ons as gemeente in Margate kan leef vir Christus.

In die afgelope vyftig jaar het daar baie dinge verander in die gemeente, maar ons passie om te leef vir Christus is nog steeds dieselfde. Deur alles heen weet ons dat die Here saam met ons gestap het. Dit is immers Jesus Christus wat Sy kerk vashou.





Op 3 Maart 2024 het ons behoorlik gejubel en gejuig met ons 50ste fees.

Ons het met ‘n gesamentlike liturgie, opgestel deur Ds. Lerisa Meyer en Dr Mike Heaney, deelgeneem aan ‘n wonderlike geleentheid. Die koor, jeug en voorlesers het hulself oortref. Die hoogtepunt was egter die spesiale feeslied wat geskryf is deur Cecile Steyn. So kon ons op hierdie besonderse manier vir die Here dankie sê!



Na die afloop van die diens het ons ‘n Bybelse ete saam geniet. By die ete het ons mekaar ook geleentheid gegee om ‘n vingerafdruk te maak op ‘n skets van ‘n boom.

Die vyeboom was vir die laaste paar jaar vir ons gemeente ‘n belangrike simbool. Ons weet dat ons soos ‘n boom geplant is by strome van Lewende Water en dat God ons voed en vir ons voorsien. Daarom wil ons graag met ons vingerafdrukke onsself ook opnuut hertoewy as dissipels van ons Here. Ons belowe hiermee dat ons en ons huise die Here sal dien in ons gemeente en gemeenskap.

Ons is baie dankbaar teenoor die Here vir die afgelope tyd. Ons kyk ook met oë vol hoop vorentoe, omdat ons weet dat ons kan volhard in die wedloop, want God gee ons moed. Ons bid God se seën toe oor ons gemeente en gemeentelede. Ons vra dat God ons hande, voete en hele wese sal gebruik om tot seën vir ander te kan wees.

**Margate Leef Vir Christus!**





# Ons Groet ‘n Leraar

Dis hartseer om iemand te groet, veral as die persoon oor baie jare diep spore in jou hart getrap het. Dit het nou tyd geword om vir Ds. Theo en Marietjie Human te groet, waar hulle verhuis na Kroonstad.

Prof. Barry Tolmay, moderator van die KZN Sinode skryf:

Theo, dankie vir jou getroue diens vir soveel jare binne die Here se Koninkryk. Jy het op soveel vlakke ‘n groot verskil gemaak. Ek dink sommer aan 2008 toe jy zenofobiese vlugtelinge in julle kerksaal gehuisves het! Jou leidende rol met die intergodsdienstige gesprekke. Jou & Marietjie se getroue diens in Pinetown gemeente. Opleiding van Kerkraadslede as predikers en jou uitstekende mentorskap rol. Jou voorsitterskap van Durban Metro en julle omgee vir mense. Marietjie se jare getroue skoolhou by Gelofte skool. My 2 dogters praat nou nog met waardering van haar as onderwyseres. Julle wonderlike 3 seuns wat julle grootgemaak het.

Mag die Here julle verder seën in die Vrystaat.

Marietjie Marais wat vir 19 jaar saam met Theo gewerk het as Gemeentebestuurder, skryf met groot deernis: Gedurende die 38 jaar wat Ds. Theo die gemeente bedien het, was hy aanvanklik die grootste deel van sy bediening die enigste predikant gewees nadat Ds. Leon le Roux sy emeritaat ontvang het aan die einde van 2002.

Ds. Theo het ‘n sterk groep bejaardes onder sy sorg gehad. Hulle het maandelikse byeenkomste gehou en Ds. Theo ook daar sy deel bygedra met berading en besoeke aan die bejaardes.

Een van die mooiste kenmerke van Ds. Theo was dat hy elke persoon elke Sondag voor die erediens gegroet en welkom geheet het voor die aanvangs van elke Erediens. Die gemeente was geseënd om soveel talent uit die pastorie te kon geniet met hul seun Strauss wat soms ook sy talente met die viool gebruik het met begeleiding van die sang.

Ds. Theo het nooit nagelaat om lidmate te bedank vir die gebruik van hul talente om die Eredienste 'n weeklikse hoogtepunt te maak nie.

Sy goeie sin vir humor sal sekerlik altyd in Pinetown Gemeente onthou word.

Ds. Theo het egter baie wyer geleef hier as slegs sy eie gemeente. Hy het ook die kerkgebou gedeel met ander denominasies. Die 3 denominasies wat tydens Ds. Theo se bediening die perseel gedeel het praat nog steeds van die mooi samewerking wat daar was en dat Ds. Theo hulle altyd tuis laat voel het in die kerk.

Hy was ook baie betrokke in die Ring en was vir ongeveer 6 jaar lank daar voorsitter. Verder was hy baie betrokke by opleiding. Daar was gedurig persone wat by hom opleiding ontvang het in preekvaardighede om sodoende eredienste te kon lei. Dit was ‘n voorloper van die opleiding wat vandag in Hugenote College gedoen word. Verder het hy ook Veritas kursusse aangebied.

Hy emeriteer in 2020 en ontvang sy demissie op Sondag 30 Augustus 2020. Daarna kon hy egter nie stilsit nie. Hy en Marietjie verhuis na Musgrave en hy bedien vir 'n ruk met groot vreugde die Woord in Escombe gemeente. Op die video hier onder dra die Durban Metropool Ring ‘n groeteboodskap oor aan Ds. Theo en Marietjie tydens sy emeritaat. Kyk gerus daarna.



Hy sal altyd in Pinetown onthou word as 'n eerbare en opregte leraar, geagte predikant en troue vriend.

Ons wens vir Ds. Theo en Marietjie Human alles wat mooi is toe in Kroonstad.

*Sodra hulle nesgeskrop het in Kroonstad, sal Posduif ‘n onderhoud voer met Ds. Theo oor sy bediening van 42 jaar in Durban.*

*Red.*



# Ds. Jasper Praat sy Hart uit.

Hulle sê: “Huil en jy huil alleen”. Wanneer jy egter treur en dan deur omgee mense omring word, is dit soveel anders. Dit is dan juis tydens die KZN Sinodesitting van 4-6 Junie 2024 dat ek iets beleef het van medegelowiges wat omgee, vashou en onderskraag.


Port Shepstone Gemeente is ‘n dolerende gemeente wat verskeie kere ander se gramskap, verwyt, verdagmakery, bespotting en ignorering moes verwerk. Hiervoor was en is ons gereed omdat dit deel van die doleringspakkie is. Om egter, al verskil ons van mekaar, steeds ontvang te word, verdra te word, ‘n plek aan die tafel te hê, is vertroostend vir ons wat treur. By ons sinodesitting kon ek juis dit beleef.

Ek besef dat ons nog nie klaar gepraat het nie en dat ons steeds in ‘n luisterproses is. Ek besef dat dit tyd neem om weer te vertrou. Nieteenstaande bevind ek my tussen medegelowiges wat mekaar wil vashou, wat mooi met mekaar wil werk en wat vir mekaar ruimte wil gee. Ek ervaar KZN Sinode as gelowiges wat nie wil hê dat ek alleen moet treur nie.

Vir my vir wie die NG Kerk kosbaar en spesiaal is, is dit vertroostend om lid van KZN Sinode te wees want soos ons tema sê: “In Christus ons vreugde”.

Jasper van der Westhuizen



## Barry Tolmay: 'Ons het in Natal besef ons is 'n familie wat saam reis en somtyds vir mekaar moet wag op die reis'

Barry deel hieronder sy indrukke oor die streeksinodesitting en hoe dit is om in KZN kerk van die Here te wees.

Dit is amper soos om in die buiteland te bly! Dit is vreemd dat hulle nie jou paspoort stempel op Van Reenenspas nie … So het 'n Vrystater, wat in Durban gebly het, al 15 jaar gelede gesê.

Ek bly nou al 20 jaar in Durban en geniet dit nog elke dag. As jy naby die see bly, kry jy omtrent nie winter nie. Die berge is asemrowend. Die pragtige natuurparke en wildtuine in Noord-KZN is fantasties. St. Lucia en Sodwana is elke hengelaar se droom.

Dan is daar nog die Middellande by Nottingham Road wat jou inlok in 'n opwindende ander wêreld.

Geen wonder nie dat die ontwerpspan van die 97ste KZN-sinode in Junie 2024 die volgende tema gekies het: "**In Christus ons vreugde**".

Lees die volledige berig



# BAADJIE VIR 'N MAATJIE

Ballito Gesinskerk het hulle harte weereens wyd oopgemaak om te voorsien waar mense in nood verkeer, hierdie slag om baadjies, komberse en klere te gee waar die winterkoue toegeslaan het asook kos om honger mae te vul.



















ballitogesinskerk

*NG Gemeente Noordkus*












**Onthou jy nog die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974? Ek was self daar en daar het ek Jesus in my lewe toegelaat en ‘n gelowige kind van God geword.**

Helene Meissenheimer van Kerkbode was in gesprek met Prof. Malan Nel oor hierdie aksie wat hy destyds van stapel gestuur het om jongmense te inspireer vir Jesus.

“Dit is genoem die evangelisasiejaar van die kerk. Die leuse was ‘Lewe vir Christus en vir Sy kerk’.” So onthou Prof. Malan Nel op 85 nog helder die gebeure rondom hierdie projek wat die Elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE) beskryf as “een van die merkwaardigste uitreike van die NG Kerk in die 20ste eeu na die jeug”.

Lees die berig in Kerkbode by die skakel hier onder. Daar is ook ‘n potgooi waarin hy daarvan vertel.

**Lees die berig in Kerkbode**

kerkbode



## Labirinte – ’n uitnodiging om al wandelend te bid

Sedert my eerste ervaring met ’n labirint is ek op soek na nog om te stap.

In ’n tyd van verlies het ek my eerste labirint raakgeloop. Ek is op ’n drafstap met ’n klomp emosies die labirint binne. ‘Stap stadig en intensioneel. Een voet voor die ander. Konsentreer op jou asemhaling’, het die priester se woorde van vroeër die dag my gerem. Die paadjie is ongelyk. Soos ek stap vergeet ek van die mense en geraas rondom my. Ek stap stadig, maar voordat ek my kry is ek in die middel van die sirkel. Ek vertoef ’n rukkie in die middel en volg dieselfde paadjie uit, want anders as doolhowe, het labirinte ’n gedefinieerde paadjie wat die stapper na die middel neem en weer uitlei.

Dit is moeilik om te beskryf presies wat op die kronkelpad gebeur het, maar ’n halfuur later groet ek die labirint anders as wat ek dit binnegegaan het.

Lees die volledige berig

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

# Boekprojek: Ekoteologie in 'n Afrika konteks

CLF (in samewerking met Clairvaux Skrywershuis en NetACT) beplan 'n boekprojek wat fokus op ekoteologie vanuit 'n Afrika-perspektief. Ons nooi gemeentes en organisasies, asook individue uit ander dissiplines uit om hul stories en/of navorsing te deel.

Besprekings oor klimaatsverandering, ekologie en groen of ekoteologie word hoofsaaklik vanuit 'n Westerse perspektief geskryf, terwyl die Afrika-kontinent unieke uitdagings, perspektiewe en oplossings het wat beklemtoon moet word. Die doel van die boek is om in te lig en te inspireer. Ons wil graag praktiese voorbeelde en gevallestudies van suksesvolle ekologiese projekte in die boek insluit, asook dieper stof vir nadenke oor ekoteologie. Ons hoop dat die boek teologiese hoofstukke sal bevat om gemeentes toe te rus met die woordeskat en teologie wat nodig is om betrokke te raak by groen inisiatiewe. Onderwerpe soos klimaatsverandering, herwinning, voedselsekuriteit, gemeenskaplike groentetuine, gemeenskapsprojekte, omgewingsvriendelike projekte, stropery, natuurrampe en meer kan ook bespreek word.

Lees meer oor die projek.

# AKKOMMODASIE

Garden View – Tuinsig Sentrum vir Bejaardes het verskeie akkommodasie beskikbaar. Hierdie week vertel ons julle meer van ons Versorgingseenheid.

Ons Versorgings-eenheid bied verskillende opsies aan pasiente. Ons het 8 enkel sale, 4 2-bed sale en 6 4-bed sale. Daar is verskillende pryse vir bogenoemde. Pryse sluit 24 uur verpleegdienste, administrasie van medikasie, alle maaltye, tee-en-koffie twee maal per dag, wasgoed en skoonmaakdienste. Ons verpleegdienste is van hoë gehalte en ons maak gebruik van ALLMED nursing services se personeel, wat gereeld gemonitor word as ook die nodige opleiding ontvang om met ons bejaardes te kan werk.

Ons is in die proses om aansoek te doen vir ons praktyk nommer, wat ons in staat sal stel om pasiente met mediese fondse behulpsaam te wees.


Verskeie apteke lewer medikasie af, en Dr. Sing besoek die eenheid elke 2-weke.


Pasiente word ook daagliks (as die weer dit toelaat) buite toe vergesel met verpleeghulpe waar hulle heerlik in die buitelug kan wees, en dit verrig wondere aan elkeen se gemoed om daagliks net buite te kom.

Indien enigiemand ons fasiliteite besigtig sal dit vir ons aangenaam wees om julle deur die Sentrum te neem.

**Fakature by Tuinsig: Garden View Tuinsig is op soek na 'n Bestuurder vir die Sorgsentrum.**

Klik hier vir besonderhede





# PASTORALE BERADINGSKURSUS

## EMOSIONEEL VERWONDE PA'S EN HUL KINDERS

## Heling aan kinders wat worstel met Pa-wonde

## Dinsdag 20 Augustus 2024

## Zoom aanbieding - Prof Wentzel Coetzer

excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

Oral waar ons rondom ons kyk (en ook in onsself) sien ons 'Pa-wonde' en 'Pa-honger'. Pyn vanuit die verlede met betrekking tot ons verhoudings tot ons pa's is dikwels die oorsaak dat talle Christene worstel met 'n verdraaide Godsbeeld en dit gevolglik baie moeilik vind om God die Vader intiem en naby te ervaar. Om 'n gesonde beeld van Hom te kan ervaar, sal ons gevolglik eers ontslae moet raak van al die gebroke 'vader-filters' wat meeste van ons met ons saamgedra het die volwasse lewe in. Tydens die kursus sal gefokus word op 'n proses om eerstens hierdie gebroke 'vader-filters' te identifiseer, en tweedens, hoe om daarvan vry te kom. Bronne wat sterk figureer in hierdie kursus is onder andere die volgende:

- Dr Ken Canfield: Spiritual and emotional fathering.
- Fleud McClung: The Father heart of God.
- James Ryle: Released from the prison my father built.
- James Schaller: Rebuilding your father relationship.
- David Stoop: Making peace with your father.
- Ed Tandy McGlasson: The Father you've always wanted.
- Jack Frost: Experiencing Father's embrace.

'n Pastorale model met 11 stappe vir heling van pa-wonde kom ten slotte aan die orde.

Volledige besonderhede

# ProKurio Boekwinkel

**PROKURIO BOEKWINKEL – PROKURIO BOEKWINKEL**




# Materiaal vir Gemeentebou

Kyk veral na die Bybelstudies vir Kleingroepe

**Katalogus:** Klik **HIER**

Navrae: info@prokurio.co.za
Ds Jurgens de Jager @ 0792929545



LiG

# Gebed vir my kinders | 5 kort gebede as jy sukkel om te bid



Ons weet intuïtief dat ons nie alles vir ons kinders kan wees nie. Dat ons hulle gereeld aan ons Hemelse Vader moet opdra, soos Dawid ook sy seun Salomo aan God opgedra het. Jy sê dalk: "Gebed vir my kinders kom nie spontaan nie". Dan kan hierdie kort gebede help wanneer jy wonder hoe om te bid.

**#1 Gebed vir my kinders – "Dat hulle U sal ken …"**

"Here, ek bid dat my kind U sal ken.

"My gebed vir my kinders is dat hulle 'n liefde vir u Woord sal kweek en altyd eerste hulle antwoord in Jesus en die Bybel sal gaan soek.

"Mag my kinders glo en verstaan dat Jesus hulle sonde vergewe en rein maak wanneer hulle jammer sê. Dat Jesus hulle krag gee om teen sonde te kies. En dat Jesus hulle wil leer en lei om deel van God se koninkryk hier op aarde te wees.

"Help my om vir my kinders 'n voorbeeld te wees van hoe dit lyk om U waarlik te ken, lief te hê en volgens U wil te leef. Amen."

LiG Lees die artikel in LIG tydskrif



Oordenking

# Leef uit dit wat jy in Glo

## 3 Johannes:9-15

Kyk Oordenking op Youtube

‘n Paar jaar gelede sit ons een oggend en ontspan op ons Boshuisie se stoep in Marloth Park. Dit is ‘n heerlike rustige oggend en alles is mooi en vreedsaam. Dalk moet ek dit eerder vreetsaam noem, want ons het appels aan die bome opgehang vir die voëls en die houtkappertjies, spreeus en neushoringvoëls val behóórlik weg aan hierdie meevallertjie. Tussen die bome deur kan ons die rooi skynsel uitmaak van ‘n paar rooibokkies wat rustig staan en wei. ‘n Hemelse, rustige prentjie en ek sak sommer ‘n bietjie dieper in my stoel in om myself gemakliker te maak.

Dan kom daar ‘n ding aangewaggel deur die gras. Ek maak die vaal vorm van ‘n vlakvarkbeer uit, maar sommer ‘n ou gróte. Hy is net so wyd as wat hy hoog is. Sy suur gevreet is besaai met die alleraakligste knoetse en karbonkels en die keelvelle hang so drie lae opmekaar. ‘n Uitgevrete, vet vark, sou ‘n mens hom kan beskryf. Voor die stoep lê ‘n klompie mieliepitte wat ek spesiaal vir die tarentale uitgegooi het.

Meneer waggel reguit daarheen en begin die pitte een vir een uit die stof uit oplek. Een ding wat my opval van hierdie vark is die onvriendelikheid wat sommer so van sy gevreet afdrup. ‘n Wrede stel slagtande plaas ‘n raam om sy nors bakkies!

Skielik kyk die ou op en gee ‘n vulgêre snork terwyl sy bloedbelope ogies die veld instaar. Ek volg sy blik en dan vang ‘n beweging my oog. ‘n Pragtige vlakvarksoggie kom aangedraf en kort op haar hakke, twee skatlike ou klein varkies, stertjies kiertsregop. Ek sit regop. Hier kom sports!

Skielik steek die soggie vas, onseker of sy welkom sal wees by die feesmaal. Ou Suurgevreet brom stywesnoet. Hy draai homself so half in haar rigting en prewel iets vir haar en ek kan duidelik hoor dat dit beslis nie romantiese woordjies is nie. Sy wil nog vriendelik nader kom maar dan stoomroller die ou op haar af en jy sien net kleintjies spaander, stertjies soos wapperende lugdraadjies in die lug. Hulle hardloop ‘n wye draai en jy sien net klippies spat. Maar dan kom hulle weer terug. Ou Suurgevreet storm weer en dan laat hy hulle in geen onduidelike taal verstaan dat hierdie sý pitte is en dat hulle baie beslis nie welkom is nie!

Die arme ou soggie en haar kleintjies kies moedeloos en verworpe die hasepad en ou suurgevreet val met ‘n swaar sug behaaglik onder ‘n rosyntjiebos neer......

As Johannes oor Diotrofes skryf, sien ek hierdie ou nors vlakvark in my geestesoog. Diotrofes beklee ‘n gesagsposisie in die gemeente. Dalk was hy leier-ouderling of iets. Maar sy leierskap bring beroerings in die gemeente. Hy laat almal verstaan dat hý die leier is en dat hy baie gesteld is daarop. Boonop het hy ‘n hekel aan enige besoekende leraar. Hierdie klomp moet hulle neuse uit sý gemeente se sake uithou. Die wonderlike soort gasvryheid waarvan Johannes skryf as hy van Gaius praat, díé is totaal afwesig by Diotrofes. Maar hy gaan ‘n stap verder en enigeen wat dit durf waag om een van hierdie besoekers te ontvang, word die kop gewas en hulle word botweg belet om hulle gasvryheid uit te leef. Nog erger, as iemand teen Diotrofes se bevele in gasvry is, word hy summier uit die gemeente geskop! Maar dis nie al nie - Diotrofes belaster en beswadder ook selfs vir Johannes.

“Sies!” sou ons kon sê. Maar dit dwing ons om dalk ‘n bietjie hand in eie boesem te steek en te gaan kyk hoe dit in ons eie gemeentes gaan. Belangriker nóg: ek moet kyk hoe my eie lewe lyk! Dalk gaan dit nie heeltemal so erg as met Diotrofes nie, maar jy kan so behep raak met jou eie sieninge van ‘n saak, dat jy skade kan aanrig aan die saak van die Koninkryk. Ek staan dikwels self skuldig hieraan. Ek kan so meegevoer raak deur ‘n gedagte waaraan ek werk, dat ek op ander trap om my plan deurgevoer te kry. En as dit die slag gebeur dat iemand anders se plan eerder gevolg word as myne, dan raak ek dikbek en suur omdat ek nie my sin gekry het nie!

Dit is nou maar eenmaal so dat leierskap nie beteken dat jy die reëls neerlê en dat almal na jou pype moet dans nie. Goeie leierskap beteken eerder dat jy mense motiveer en koördineer sodat die dinge wat gedoen moet word op die beste moontlike manier klaarkom.

In ‘n laaste woordjie wil Johannes dit vir Gaius op die hart druk (en dit geld natuurlik ook vir jou en my) dat hy moet wys dat hy aan God behoort. Hoe doen jy dit? Deur nie die slegte voorbeeld van Diotrofes na te volg nie want dit weerspieël ‘n totale verkeerde gesindheid. Dit wys dat jy nie ‘n intieme persoonlike verhouding met God het nie. Daardie soort verhouding met die Here borrel uit in goeie dade. Dit is dinge soos vriendelikheid, gasvryheid, diensvaardigheid en ‘n aansteeklike blydskap wat almal in jou lewe kan sien. Laat die leuse van jou lewe word: “Leef wat jy Glo!” Dit beteken dat jy jou geloof aktief uitleef op elke terrein van die lewe!

Gebed:

Here, leer my asseblief om U wonderbare liefde aktief uit te leef tot eer van U Naam!



Josef sê vir die skinker: [14]"Maar wanneer dit goed gaan met jou, moet jy aan my dink en moet jy my 'n guns bewys. Jy moet my saak vir hom (die farao) stel en sorg dat ek uit hierdie plek uitkom.

**GEN 40:14**

*Here, help ons asb in ons nood as ander mense nalaat om aan ons goed te doen.*

*Amen*



LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

Vrydag **14 Junie** 2024

**Prof. Barry Tolmay**

@Krantzkloof Gemeente